Printed by Creda Communications

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

[ ]	Woorde in vet druk tussen verkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.
_____	Woorde met 'n volstreep daaronder dui invoegings in bestaande verordenings aan.

(Engelse teks deur die Premier geteken)
(Bekragtig op 2 Julie 2007)

WET

Tot wysiging van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985 (Ordonnansie 15 van 1985), om sodoende die periode waarin eienaars van grond grondgebruikregte kan uitoefen, te verleng tot 21 jaar en 6 maande; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

DAAR WORD BEPAAL deur die Provinsiale Parlement van die Provinsie Wes-Kaap, soos volg:—

Wysiging van artikel 14 van Ordonnansie 15 van 1985

1. Artikel 14 van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985, word gewysig deur die vervanging van paragrawe *(a)*, en *(b)* in subartikel (2) deur die volgende paragrawe —

"(2) *(a)* Indien na die verstryking van 'n tydperk van 21 jaar en 6 maande na die datum van inwerkingtreding van hierdie Ordonnansie enige gebruiksreg ten opsigte van grond waarop die toepaslike bepalings van artikel 7 van toepassing is, nie uitgeoefen is nie, word die betrokke grond behoudens die bepalings van paragraaf *(b)* van hierdie subartikel geag gesoneer te wees in ooreenstemming met die aanwending daarvan, soos deur die betrokke raad bepaal, en verval enige toepaslike soneringskaart wat by genoemde verstryking bestaan.

(b) Behoudens die bepalings van paragraaf *(c)* van hierdie subartikel moet 'n appélkomitee voor verstryking van die tydperk van 21 jaar en 6 maande in paragraaf *(a)* van hierdie subartikel vermeld of enige verlengde tydperk ingevolge hierdie subartikel deur genoemde appélkomitee bepaal, op aansoek van die betrokke eienaar en indien genoemde eienaar na die mening van genoemde appélkomitee verlies gely het of nog sal ly, genoemde tydperk of verlengde tydperk met die tydperk deur genoemde appélkomitee bepaal, met betrekking tot die betrokke grond verleng; met dien verstande dat sodanige verlenging vir 'n tydperk van minstens 5 jaar sal wees."

Kort titel

2. Hierdie Wet heet die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985, Wysigingswet, 2007.